



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

VERBRUIKERSTUDIES

MODEL 2014

PUNTE: 200

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.

VRAAG	INHOUD	PUNTE	TYD (minute)
1	Kortvrae (Alle onderwerpe)	40	20
2	Die Verbruiker	20	20
3	Voedsel en Voeding	40	40
4	Kleding	20	20
5	Behuising	40	40
6	Entrepreneurskap	40	40
TOTAAL:		200	180

2. AL die vrae is VERPLIGTEND.
3. Nommer die vrae korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Jy mag 'n sakrekenaar gebruik.
6. Skryf slegs met swart of blou ink.
7. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG 1: KORTVRAE

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.19) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.20 C.

1.1.1 'n Kontrak tussen 'n bank en die koper van 'n eiendom:

- A Gewaarborgde lening
- B Piramideskema
- C Huishoudelike versekering
- D Verband

(1)

1.1.2 Inkomste bo hierdie vlak is belasbaar:

- A Annuïteit
- B Eiendomsbelasting
- C Drempel
- D Boedelbelasting

(1)

1.1.3 Identifiseer die hernubare energievorm:

- A Windenergie
- B Kernkrag
- C Fossielbrandstowwe
- D Elektrisiteit

(1)

1.1.4 Die voedseloordraagbare siekte wat die lewer aantast en inflammasie veroorsaak:

- A E. coli-infeksie
- B Hepatitis A
- C Gastroënteritis
- D Tuberkulose

(1)

1.1.5 Die volgende voedsel sal help om osteoporose te voorkom:

- A Stokvis en tomaties
- B Witbrood en melk
- C Lewer en aartappels
- D Spinasie en sardyne

(1)

1.1.6 'n Persoon wat aan seliaksiekte ly, behoort nie ... in te neem nie.

- A laevetmelk
- B rogbrood
- C pistachio-neute
- D skulpvis

(1)

1.1.7 Kies uit die lys hieronder die kombinasie van voedsel wat anemie sal voorkom.

1. Koffie
2. Groen blaargroentes
3. Piesangs
4. Sojamelk
5. Lewer
6. Witbrood

- A 2 en 5
B 3 en 6
C 4 en 6
D 1 en 3

(2)

Bestudeer die prentjies hieronder en beantwoord VRAAG 1.1.8 en 1.1.9.



1.1.8 Watter rok is die beste voorbeeld van 'n klassieke neiging?

- A 1
B 2
C 3
D 4

(1)

1.1.9 Die peplum in rok 1 is 'n voorbeeld van die ontwerpbeginnsel ...

- A harmonie.
B nadruk.
C balans.
D ritme.

(1)

1.1.10 'n Huurooreenkoms is 'n kontrak tussen 'n huiseienaar en 'n ...

- A bank.
B bouer.
C eiendomsagent.
D huurder.

(1)

- 1.1.11 Bouers en kontrakteurs behoort by die ... geregistreer te wees.
A GRS
B NHBRR
C SABS
D SANVU (1)
- 1.1.12 'n Heffing word gebruik om vir 'n deeltiteleienaar se ... te betaal.
A verbandterugbetalings
B huishoudelike versekering
C munisipale belasting
D oordragkoste (1)
- 1.1.13 Hierdie apparaat is die minste energiedoeltreffend:
A Skottelgoedwasser
B Tuimeldroër
C Stofsuier
D Mikrogolfoond (1)
- 1.1.14 'n Ooreenkoms tussen die verbruiker en die handelaar waartydens die verbruiker 'n item in paaielemente oor 'n vasgestelde tydperk afbetaal en die handelaar die item hou totdat dit ten volle betaal is:
A Bêrekoop
B Huurkoop
C Kontanttransaksie
D Kredietkaarttransaksie (1)
- 1.1.15 'n Suksesvolle besigheid/onderneming moet produkte verkoop wat ...
A aan die eise van die teikenmark voldoen.
B redelik duur is.
C maklik is om te produseer.
D die kulturele behoeftes van die teikenmark bevredig. (1)
- 1.1.16 Die aanvangskoste/-kapitaal/voorbiedryfkoste vir 'n tuis-onderneming sluit die volgende in:
A Deposito vir die huur van die perseel, salarisse van werkers
B Registrasiefooi, besigheidspermit, grondstowwe
C Nuwe toerusting, grondstowwe, salarisse van werkers
D Vervoerkoste, skryfbehoeftes, lone (1)

- 1.1.17 Die lone/salarisse van werkers word gewoonlik bepaal deur hul ...
A ondervinding en beskikbare geld.
B ouderdom en werksure.
C vaardighede en ondervinding.
D gesindhede en werksetiek. (1)
- 1.1.18 Vir 'n besigheid om volhoubaar te wees, moet die ...
A produkte nie duur wees nie.
B produkte vars en beskikbaar wees.
C personeel betroubaar en ervare wees.
D verkoopprijs alle uitgawes en wins insluit. (1)
- 1.1.19 'n Algemene metode van beplanning en vooruitskatting om te verseker dat 'n entrepreneur se besigheid bly voortbestaan:
A Kontantvloeiprojeksie
B Verkoop-scenario
C Volhoubare winsgewendheid
D Lewensvatbaarheidstudie (1)

- 1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die tipe belasting in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.6) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.7 H.

KOLOM A TIPE BELASTING	KOLOM B BESKRYWING
1.2.1 Kapitaalwinsbelasting	A 'n werknemer betaal belasting terwyl hy/sy 'n inkomste verdien
1.2.2 Omgewingsheffing	B betaalbaar op die prys van goedere en dienste tydens elke produksiestadium
1.2.3 Aksynsbelasting	C betaalbaar op enige wins uit die verkoop van 'n tweede bate
1.2.4 Lopende betaalstelsel	D heffing op petrol, alkohol en tabakprodukte
1.2.5 Voorlopige belasting	E heffing op eiendom deur munisipaliteite
1.2.6 Belasting op toegevoegde waarde	F heffing op sekere tipes plastieksakke
	G belasting wat twee keer per jaar betaal word, gebaseer op geskatte inkomste

(6 x 1) (6)

- 1.3 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- 1.3.1 Die tipe eienaarskap wanneer die persoon wat die eiendom koop, die wettige eienaar van die hele eiendom word (1)
- 1.3.2 Die gedeelte van 'n huurooreenkoms wat die regte en verantwoordelikhede van die huurder en die eienaar van die eiendom aandui (1)
- 1.3.3 Die eienaars van eenhede in 'n kompleks wat verantwoordelikheid aanvaar vir die tuine en rommelverwydering (1)
- 1.3.4 Fooie gehef vir die registrasie van 'n verband (1)

1.4 Identifiseer VYF vereistes vir die produksie van kwaliteitsprodukte uit die lys hieronder. Skryf slegs die letters (A–J) langs die vraagnommer (1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- A Gepas vir die teikengroep
- B Gepaste berging van grondstowwe en voltooide produkte
- C Aantreklike aanbieding van die produk
- D Versigtige beheer van finansies
- E Goeie kliëntebetrekkings
- F Kwaliteitsgrondstowwe
- G Groot teikenmark
- H Briljante bemarkingsplan
- I Produkte met billike pryse
- J Produkte wat veilig is vir die verbruiker (5)

1.5 Kies die korrekte woord/term tussen hakies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

- 1.5.1 Organiese (vesels/mengelstowwe) word uit 'n verskeidenheid natuurlike bronne vervaardig, gekombineer met onskadelike chemikalieë. (1)
 - 1.5.2 (Hennep/Poliëster) is 'n voorbeeld van 'n volhoubare tekstielstof. (1)
 - 1.5.3 Maatskappye wat 'n vervaardigingsgedragkode volg, kwalifiseer as (regte/billike) -handelondernemings. (1)
 - 1.5.4 (Herwinning/Omskepping) beteken dat 'n ou kledingstuk uitmekaar gehaal is om 'n nuwe item te maak. (1)
 - 1.5.5 'n (Kleredragkode/Modekode) -beleid spesifiseer die tipe klere wat 'n maatskappy van sy werkers verwag om werk toe aan te trek. (1)
- [40]**

VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**HOË LEWENSKOSTE IN SUID-AFRIKA
BEPERK VERMOË OM TE SPAAR**

Volgens navorsing wat deur First National Bank (FNB) gedoen is, glo Suid-Afrikaners dat hoë lewenskoste hul vermoë om te kan spaar, beperk.

Die kwessie word beklemtoon deur die aankondiging verlede week deur Statistiek Suid-Afrika dat die jaarlikse VPI-inflasiekoers tot 6,3% gestyg het. 'Die verandering in die VPI tussen Junie 2013 en Julie 2013 is hoofsaaklik te wyte aan 'n 9,4%-verhoging in watertariewe, 'n 7,2%-verhoging in elektrisiteitstariewe en 'n verhoging van 84c per liter op die prys van brandstof. Dit is basiese noodsaaklikhede wat 'n invloed op amper elke verbruiker se sak het en wat definitief hul lewenskoste sal verhoog,' sê Lezanne Human, hoofbestuurder van FNB-beleggingsprodukte.

Een van die grootste probleme met inflasie is dat salarisse nie altyd teen dieselfde tempo verhoog nie, wat beteken dat die verbruiker se besteebare inkomste verminder.

'Die harde werklikheid is dat verbruikers in die versoeking kan kom om geld vir alledaagse uitgawes te leen. Dit kan hulle verder in die skuld dompel en hul vermoë om te spaar, nog verder beperk. Ons navorsing toon dat 73% van Suid-Afrikaners wat nie spaar nie, aandui dat hoë lewenskoste verhoed dat hulle spaar,' sê Human.

[Bron: www.fnb.co.za]

2.1.1 Definieer die volgende terme:

(a) Inflasiekoers (2)

(b) VPI (2)

2.1.2 Gee DRIE redes vir die verandering in die VPI tussen Junie 2013 en Julie 2013. (3)

2.1.3 Verduidelik hoe die inflasiekoers, soos gebaseer op die VPI, verbruikers kan beïnvloed. (3)

2.1.4 Bespreek DRIE redes waarom Suid-Afrikaanse verbruikers dit moeilik vind om geld te spaar. (6)

2.1.5 Stel 'n oplossing voor vir die probleem in die uittreksel. (4)
[20]

VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

- 3.1 Bestudeer die etikette van die twee voorafbereide macaroni-en-kaas-disse hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

	PRODUK A Macaroni en kaas	PRODUK B Macaroni en kaas		
Lys van bestanddele	Pasta (bevat eiers), afgeroomde melk, water, laevetroom, kaas (bevat geselekteerde kaaskulture, nie-dierlike stremsel, natuurlike kleurmiddel), koringmeel, gemodifiseerde stysel, sout, mosterdpoeier, peper, lourierblare (bestraal)	Pasta (bevat eiers), melk, room, kaas (bevat geselekteerde kaaskulture, nie-dierlike stremsel, natuurlike kleurmiddel), water, koringmeel, margarien (bevat groente-olie en vet, emulgeermiddel, vitamien A, D en E, geurmiddel), gemodifiseerde stysel, sout, mosterdpoeier, peper, lourierblare (bestraal)		
Allergene	Eier, beesmelk, koring, gluten	Eier, beesmelk, koring, gluten		
Voedingsinligting				
Gemiddelde waardes	Per 100 g	Per 300 g-porsie	Per 100 g	Per 300 g-porsie
Energie	522 kJ	1 566 kJ	726 kJ	2 178 kJ
Proteïen	6,3 g	18,9 g	6,5 g	19,5 g
Koolhidrate	19,3 g	57,9 g	14,4 g	43,2 g
Totale vet	2,9 g	8,7 g	10,4 g	31,2 g
Dieetvesel	0,8 g	2,4 g	0,9 g	2,7 g
Natrium	364 mg	1 092 mg	273 mg	819 mg

- 3.1.1 Definieer die term *allergene*. (2)
- 3.1.2 Verduidelik die funksie van die emulgeermiddel in produk B. (2)
- 3.1.3 Gee TWEE redes waarom die lourierblare in beide produkte bestraal is. (2)
- 3.1.4 Motiveer waarom produk A nie geskik sal wees vir 'n persoon wat aan hipertensie/hoë bloeddruk ly nie. (1)
- 3.1.5 Identifiseer die produk wat die beste keuse sal wees vir 'n persoon met MIV/Vigs. Gee redes vir jou antwoord. (5)
- 3.1.6 Bestudeer die lys van bestanddele en verduidelik waarom produk A op die beste nutriëntinhoud aanspraak kan maak, terwyl produk B nie kan nie. (4)
- 3.1.7 Gee 'n rede waarom beide produkte nie geskik sal wees vir 'n persoon met laktose-intoleransie nie. (1)

- 3.2 3.2.1 Verduidelik die term *arteriosklerose*. (3)
- 3.2.2 Bespreek hoe 'n verlaagde inname van versadigde vette arteriosklerose kan voorkom. (3)

- 3.3 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

VOEDSELSEKERHEID IN SUID-AFRIKA AAN DIE AFNEEM – STUDIE

Volgens navorsing wat deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) bekendgemaak is, het meer as die helfte van alle Suid-Afrikaners nie gereelde toegang tot genoeg voedsel nie.

In vergelyking met die opname oor sosiale gesindhede wat in 2008 gedoen is, het nasionale voedselsekerheid van 48% tot 45,6% afgeneem. Die studie het getoon dat 26% van die bevolking honger ly en dat 28,6% die gevaar loop om honger te ly. Die getal landsburgers wat die gevaar loop om honger te ly het van 25% in die vorige opname in 2008 gestyg.

[Bron: www.news24.com]

- 3.3.1 Verduidelik die term *voedselsekerheid*. (3)
- 3.3.2 Gee TWEE moontlike redes vir die verandering in die persentasie mense wat voedselsekerheid ervaar. (2)
- 3.4 Bespreek geneties gemodifiseerde voedsel in terme van kleinhandelskoste en rakleef tyd. (2)
- 3.5 3.5.1 Noem TWEE oorsake van vetsug. (2)
- 3.5.2 Stel VIER dieetriglyne voor vir 'n persoon wat aan vetsug ly om die risiko om diabetes te ontwikkel, te verlaag. (8)
- [40]**

VRAAG 4: KLEDING

- 4.1 Definieer elk van die volgende terme:
- 4.1.1 Mode (3)
- 4.1.2 Retrospektiewe mode (3)
- 4.2 Noem TWEE eienskappe van hoogmode-kledingitems. (2)
- 4.3 Klere kan 'n stil boodskap oordra. Beskryf die boodskap wat jou klere tydens 'n werksonderhoud behoort te kommunikeer. (2)
- 4.4 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

TEKSTIELSTOFHERWINNING

Die basiese feite:

- Klere en huishoudelike tekstiele vorm tans 5,2% van die afval in stortingsterreine.
- Herwinning van klere en tekstiele verminder die gebruik van natuurlike hulpbronne soos water wat gebruik word vir die verbouing van gewasse en petroleum wat gebruik word in die vervaardiging van nuwe kledingstowwe en tekstiele. Dit verminder ook die behoefte aan chemikalieë wat gebruik word in die vervaardiging van nuwe tekstiele en die besoedeling wat deur die vervaardigingsproses veroorsaak word.

Hoe word herwinde tekstiele gebruik?

- Word by welsynsorganisasies se tweedehandse klerewinkels verkoop
- Word omskep in skoonmaaklappe wat in 'n verskeidenheid industrieë en besighede gebruik word
- Word weer in vesels omskep en in papier, garing, isolasiemateriaal, matwatteersel en ander items verander

[Bron: www.smartasn.org/educators-kids/Textile_Recycling_Fact_Sheet]

- 4.4.1 Identifiseer TWEE voordele van die herwinning van klere en tekstiele uit die uittreksel. (2)
- 4.4.2 Stel TWEE maniere voor hoe iemand klere wat hy/sy nie meer dra nie, kan herwin of hergebruik. (2)
- 4.5 Bespreek die negatiewe gevolge van handelsnaamroof vir elk van die volgende:
- 4.5.1 Verbruikers (2)
- 4.5.2 Vervaardigers (4)
- [20]**

VRAAG 5: BEHUISING

5.1 Bestudeer die advertensie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

LONEHILL/SANDTON

Ideale gesinswoning. Vrystaande huis, drie slaapkamers en studeer-/spaarkamer, en suite-badkamer, tweede badkamer, groot sitkamer en eetkamer, bediendekwartiere, twee geoutomatiseerde motorhuise, geoutomatiseerde hektoegang na veilige tuinparkering, groot swembad, groot tuin, elektriese heining, toegangsbeheer. Naby skole en winkelsentrums.
Geen agente.
Beskikbaar: 1 Julie 2013

R15 500 per maand
Skakel Jack: 084 972 3368

- 5.1.1 Gee VIER redes waarom hierdie eiendom die ideale gesinswoning is. (4)
- 5.1.2 Gee TWEE redes waarom die huurder die eiendom saam met die eienaar moet inspekteer voordat 'n kontrak geteken word. (4)
- 5.2 Skryf 'n paragraaf om die eienaarskap van 'n *volttitel-eiendom* en 'n *deeltitel-eiendom* te vergelyk deur na die volgende kriteria te verwys:
- 5.2.1 Eienaarskap
- 5.2.2 Privaatheid
- 5.2.3 Instandhouding (6)
- 5.3 Verduidelik die volgende terme:
- 5.3.1 Aanvangsfooie (2)
- 5.3.2 Okkupasiehuur (2)
- 5.4 Noem VIER voordele as jy jou eie huis bou. (4)
- 5.5 Noem VIER verantwoordelikhede van verbruikers nadat hulle 'n huishoudelike toestel gekoop het. (4)
- 5.6 Bespreek in 'n kort paragraaf hoe die volgende kriteria die energiedoeltreffendheid van 'n yskas-vrieskas-kombinasie sal beïnvloed:
- 5.6.1 Tipe (2)
- 5.6.2 Grootte (2)
- 5.6.3 Ontdooiingstelsel (2)
- 5.7 Evalueer of mikrogolfoonde maklik deur persone in rolstoele gebruik kan word. (8)

[40]

VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

- 6.1 Definieer die term *teikenmark*. (2)
- 6.2 Beskryf die term *produkspesifikasie*. (2)
- 6.3 Verduidelik die verskil tussen die *aanvangskoste* en *bedryfskoste* van 'n besigheid. (4)
- 6.4 Sifiso produseer 100 produkte om by die plaaslike vlooiemark te verkoop. Gebruik die inligting hieronder om die verkoopprijs van een produk, met 'n winsopslag van 20%, te bereken. Rond die finale verkoopprijs tot die naaste rand af.
- Inligting:**
 Aanvangskoste: R450,00
 Produksiekoste: R75,00
 Verpakking: R56,00
 Strooibiljette vir advertensie: (100 @ 25c)
 Vervoer na en van verkooppunt: R25,00
 Huur van stalletjie: R10,00 per uur (vlooiemark is oop 08:00–16:00) (9)
- 6.5 Noem TWEE doelwitte van die advertering van 'n kleinskaalse besigheid. (2)
- 6.6 Noem DRIE vereistes waaraan verpakking moet voldoen. (3)
- 6.7 Noem VIER maniere waarop 'n entrepreneur die volhoubare produksie van sy/haar produkte kan verseker. (4)
- 6.8 Beskryf TWEE verskillende prysvasstellingstrategieë wat 'n besigheid kan kies. (6)
- 6.9 Verduidelik hoe die opleiding van ongeskoolde werkers die volhoubare winsgewendheid van 'n besigheid sal verbeter. (8)
- [40]**
- TOTAAL: 200**